

# Ensoötiese Aborsie

(Jannie Fourie, NWKV Produksie Adviseur: Weskaap)  
Sel: 083 564 1105; Epos: [jannie@overbergwireless.co.za](mailto:jannie@overbergwireless.co.za)

---

**Oorsaak:** *Chlamydia abortus* bakterie

Hierdie lewe binne die selle van diere en kan vir lank geen siekte veroorsaak nie. Indien gasheerdier onder stres verkeer, kan bakterieë vinnig vermeerder. Die bakterium kruip binne liggaamselle weg en daarom kan antibiotika en teenliggame nie met bakterie in aanraking kom nie. Tydens vermenigvuldiging bars die besmette sel oop en dan het antibiotika en entstof wel 'n effek.

## **Kliniese tekens:**

### **Jaar 1:**

Die skoon kudde raak besmet deur besmette draerdiere wat ingekoop word. Hierdie diere kan aborteer of normaal lam. In beide gevalle word kieme in omgewing uitgeskei deur uitloopsels tydens estrus of deur besmette nageboortes. Vatbare ooie en jong lammers neem deur weiding besmette materiaal in.

Gevolge van besmetting in vatbare diere:

- Dragtige diere - ooie wat tydens vroeë en middel dragtigheid besmet raak, sal nog hierdie dragtigheid aborteer. Ooie wat in laat dragtigheid besmet raak sal volgende lamtyd aborteer. Ooie wat geaborteer het, is gewoonlik immuun teen siekte, maar 20 % van hierdie ooie kan wel met volgende dragtigheid aborteer.
- Pasgebore lammers – as besmet is, sal latente infeksie kry en later in haar lewe as sy dragtig raak, aborteer.

### **Jaar 2:**

Dekkingsperiode – Na aborsies het ooi permanente besmetting in haar voortplantingskanaal en word tydens teelseisoen geaktiveer. Kieme word tydens estrus uitgeskei. Meganiese oordraging van kieme kan tydens dekking plaasvind.

Dragtigheid:

- Hoë aborsiesyfer in 2de jaar. Aborsiestorms van 30 -60 % kan voorkom
- Reaktivering van kiem vind gewoonlik rondom dag 90 van dragtigheid plaas en ooie sal 'n paar weke voor lamtyd aborteer.

- Ooie wat in eerste jaar geaborteer het, sal nie weer aborteer nie, maar skei kieme uit tydens lamtyd en besmet die omgewing.
- Meer vatbare ooie en lammers raak besmet in jaar 2

### **Jaar 3 en vorentoe:**

- *Chlamydia abortus* kieme vestig nou permanent in kudde
- Aborsiesyfer daal vanaf hoë 30-60% na sowat 5 – 15 %
- Aborsie nou hoofsaaklik in vervangingssooitjies
- Enkele aborsies in ouer ooie wat nie voorheen aan kiem blootgestel was nie

### **Diagnose:**

- Kliniese tekens – aborsies
- Monster van nageboorte moet so gou as moontlik na geboorte geneem word en na laboratorium gestuur word
- Geaborteerde fetus kan ook na veearts geneem word vir verdere ondersoek.
- Veearts kan ook monster van vaginale uitloosel wegstuur vir ontleding.
- Bloedmonster kan ook geneem word.

### **Beheermaatreëls:**

Korttermyn beheer tydens aborsiestorm:

- Enting help nie tydens aborsiestorm nie.
- Identifiseer ooie en isoleer dadelik van kudde -onthou vaginale uitskeiding besmet weiding nog vir dae na aborsies.
- Kontak u veearts as aborsievlakke bo 3 % is om te toets vir siekte.
- Ontsmet kampies en verbrand beddegoed.
- Verwyder en raak ontslae van geaborteerde materiaal op geskikte plek en manier (verbrand) want katte kan toksoplasmose oordra.
- As diagnose bevestig is, kan skape met oksitetrasiklien behandel word.
- Ooie wat geaborteer het, moet nie as plaasvervanger moeders gebruik word nie – sal hanslammers ook besmet.

- Mense kan besmet raak en swanger vroue kan aborteer. Dus, as siekte vermoed word, moet swanger vroue nie in lamtyd met skape in aanraking kom nie. Dra handskoene en skrop na hantering van besmette ooie.

#### Langtermyn beheer:

- Ensoötiese aborsie vestig chronies in 'n kudde en reproduksie verliese sal tydens elke lamseisoen voorkom.
- Volg 'n goeie entingsprogram en ent vervangingsooie. Koop slegs ooie van kuddes wat ensoötiese aborsie siektevry is
- Entstof bied beskerming teen aborsies en uitskeidings van bakterie verminder drasties.
- Lammers moet na 5 maande ouderdom geënt word
- Ooie moet in 4 maande voor paring geënt word, maar nie minder as 4weke voor paring nie.
- Dit word aanbeveel dat dragtige diere nie geënt word nie.
- Ooie wat hul lammers verloor, moet uitgeskot word
- Entstof moet te alle tye tussen 2°C tot 8 °C grade geberg en teen direkte sonlig beskerm word.

#### **Oordrag van siekte:**

- Word deur draer ram of ooi in kudde ingebring
- Nageboortes wat deur roofdiere of voëls rondgesleep word
- Springbokke kan ook die *Chlamydia* reservoir wees
- Vaginale uitskeidings, urine en mis word oorgedra vanaf besmette diere en kan tot 2 jaar deur uitskeidings 'n deurlopende bron van besmetting wees.
- Wanneer diere hoes kan die besmette vogdruppels deur ander diere ingeasem word
- Vlieë wat op besmette oë van een skaap na ander gesonde oog gaan
- Meganiese oordrag deur ramme na ooie, word in semen uitgeskei
- Dit is uitsonderlik, maar dit is moontlik om diere te besmet deur klere wat besmet is, na 'n ooi met geboorte proses gehelp is en weer met gesonde diere se mond of neus kontak het.
- Geïnaktiveerde entstof verhoed nie infeksie of verspreiding van dier tot dier nie, maar slegs ernstige gevolge van besmetting.

- Omdat *Chlamydia* in meeste liggaamselle kan lewe, kan weiding deur alle liggaamsuitskeidings besmet word.

#### **Oorlewing van *Chlamydia*:**

Kiem is baie gevoelig vir ontsmettingsmiddels. Sonlig en hitte sal kieme binne ure dood. Kiem kan vir paar dae in water oorleef.

#### **Siektes veroorsaak deur *Chlamydia*:**

- Lammers versmoor in baarmoeder weens suurstof tekort, omdat plasenta deur bakterieë beskadig is. Indien daar reeds teenliggame in die bloedstroom is, verhoed dit verspreiding na die plasenta.
- Resorpsie van embrio en fetusse
- Longontsteking word deur noue kontak oorgedra
- Gewrigsontsteking
- Dermontsteking
- Blindheid by jong lammers (Blou oë) – gewoonlik beide oë met waterige tot slymerige etterige uitloopsel wat ooglede laat saamkoek.
- Swak lammers met geboorte
- Maagwerk

#### **Samevatting:**

Indien u besmetting vermoed, kontak u veearts en beplan kort- en langtermyn strategieë. Inenting moet geskied in nie-dragtige diere en dan is ooie beskerm vir volgende dragtigheid. Onthou dat die entstowwe nie diere teen infeksie beskerm nie. Onthou, ent eerste jaar alle ooie en ooi-lammers. Daaropvolgende jare ent alle nuwe ooi-lammers en aangekoopte diere.



*Die NWKV lewer produksie-adviesdienste aan alle wolprodusente op kontrak met Cape Wools SA (CWSA), wat befonds word deur die Woltrust.*